

# ALGEMENE SLANGE VAN GRAAFF-REINET



Graaff-Reinet het ongeveer twintig verskillende slangspesies. Drie spesies word as uiters giftig beskou terwyl drie ander 'n pynlike byt kan toedien. Meeste slang wat teëgekrom word is matig giftig of onskadelik.

## UITERS GIFTIG

Is verantwoordelik vir menslike sterftes

## GIFTIG

Pynlike byt, maar teengif nie noodsaaklik

## MATIG GIFTIG

Word nie as skadelik beskou

## ONSKADELIK

Hou geen gevaar in vir mens



UITERS GIFTIG

**Kaapse Kobra**  
(*Naja nivea*)



UITERS GIFTIG

**Boomslang - mannetjie**  
(*Dispholidus typus*)



UITERS GIFTIG

**Boomslang - wyfie**  
(*Dispholidus typus*)



UITERS GIFTIG

**Pofadder**  
(*Bitis arietans*)



GIFTIG

**Horingadder**  
(*Bitis caudalis*)



GIFTIG

**Koraalslang**  
(*Aspidelaps l. lubricus*)



MATIG GIFTIG

**Gevlekte Kousbandjie**  
(*Homoroselaps lacteus*)



MATIG GIFTIG

**Gevlekte Skaapsteker**  
(*Psammophylax rhombeatus*) - Photo Luke Kemp



MATIG GIFTIG

**Kruismerkgrasslang**  
(*Psammophis crucifer*)



MATIG GIFTIG

**Karoosandslang**  
(*Psammophis notostictus*)



ONSKADELIK

**Bruinhuisslang**  
(*Boaedon capensis*)



ONSKADELIK

**Gespikkelde Rotsslang**  
(*Alopecion guttatum*)



ONSKADELIK

**Gewone Eiervreter**  
(*Dasyplectis scabra*)



ONSKADELIK

**Sundevall se Graafneusslang**  
(*Prosymna sundevallii*)



ONSKADELIK


**Gewone Slakvreter**  
(*Duberria lutrix*)



ONSKADELIK

**Delalande Blindeslang**  
(*Rhinotyphlops lalandei*)

Johan Marais is die skrywer van verskeie reptielboeke insluitende die blitsverkopers **Volledige Gids tot Slang van Suider-Afrika** en **Slang en Slangbyt in Suider-Afrika**. Hy is 'n gewilde spreker en die CEO van die African Snakebite Institute. Die **African Snakebite Institute (ASI)** bied 'n verskeidenheid kursusse aan, o.a. slangbewustheid, skerpioenbewustheid, slanghantering, en eerstehulp vir slangbyt. ASI is geakkrediteer deur die **International Society of Zoological Sciences (ISZS)** en is 'n Travel Doctor goedgekeurde diensverskaffer. Die kursusse is ook goedgekeur deur die **HPCSA**. ASI is die grootste verskaffer van kwaliteit slanghanterings-toerusting in Afrika.



## NOODMAATREËLS

### IN DIE GEVAL VAN N SLANGBYT

- 1 Hou die persoon kalm, beperk beweging en vervoer pasiënt sonder uitstel na 'n hospitaal.
- 2 Indien die persoon ophou asemhaal, pas mond-tot-mond asemhaling toe of maak gebruik van 'n ambusakkie (BVM).
- 3 Skakel die Gifinligtingsentrum by 0861 555 777 vir verdere advies.

### MOET NIE

... 'n toerniket aanwend nie.  
 ... sny of die gif probeer uitsuig nie.  
 ... ys of warm water probeer nie.  
 ... alkohol verskaf nie.  
 ... elektriese skok toedien nie.  
 ... teengif binnespiers inspuit nie.  
 Teengif (indien nodig) moet deur 'n mediese dokter in 'n hospitaal toegedien word.

GRATIS ASI SNAKES APP

Johan Marais | African Snakebite Institute

+27 82 494 2039 | [johan@asiorg.co.za](mailto:johan@asiorg.co.za)

[www.AFRICANSNAKEBITEINSTITUTE.com](http://www.AFRICANSNAKEBITEINSTITUTE.com)